NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos



Jaargang 19 – Uitgawe 21 | 4 Junie 2026

# Vir wie gee jy jou hart?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**In Handelinge 20: 35 (AFR83) lees ons: *Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.***

Jesus se woorde klink eenvoudig, maar dit vra alles van ons. Gee is nie net iets wat ons doen nie, maar dit is iets wat ons **is**. Wanneer Jesus sê dat dit beter is om te gee as om te ontvang, praat Hy nie net van geld of besittings nie, maar van 'n lewenshouding – oop hande en oop harte in 'n gebroke wêreld.

Johannes Kerkorrel se lied, *Hillbrow* (vrygestel in 1989) help ons om hierdie waarheid raak te sien. Die lied skets 'n stad vol mense – mense vol seer, en met verlore drome. Daar is oral mense langs die pad, kinders met oop hande, en mense wat na hoop soek. Hillbrow word 'n simbool van elke plek waar mense oorleef, eerder as om te leef.

Die lied herhaal een woord: *gee*. Gee jou sente, jou drome, jou toekoms – en dan uiteindelik: gee jou hart. En dit bring ons by die kernvraag: *Vir wie gee jy jou hart?* Ons gee elke dag iets – ons tyd, ons aandag en ons energie. Die vraag is nie óf ons gee nie, maar aan wie ons gee.

Jesus wys vir ons hoe om te gee en aan wie om te gee. Hy het nie op 'n afstand gebly nie. Hy het ingegaan in die wêreld se *Hillbrow*-ruimtes: tussen armes, sondaars en gebrokenes. Hy het nie net iets gegee nie; Hy het Homself gegee. Sy lewe, sy liefde en sy hart.

Ons gee nie om gesien te word of om iets terug te kry nie. Ons gee omdat God eerste gegee het. *God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het* (Joh 3: 16, AFR83). Jesus het alles gegee – vir diegene wat niks gehad het nie, vir diegene wat verlore was en vir ons.

Daarom kan ons vandag die refrein van die lied anders hoor: ***Gee jou hart vir Jesus***. Gee jou seer, jou drome, jou lewe vol gate, gee dit alles vir Jesus. Wanneer ons ons harte vir Hom gee, leer Hy ons om ook ons harte vir ander oop te maak.

Ou man sit by die straatkafees,
En kyk al die mense loop heen en weer
Die boemelaars raas by die Wimpy Bar
En Fontana is oop tot laat in die aand
Kaalvoet kinders in die straat,
wys parkeerplek aan
En hou dan die hand, en hou dan die hand,
En hou oop die hand.

O, en gee, gee, gee. Gee, gee, gee
Jou sente, jou drome, jou klere vol gate,
Gee jou hart vir Hillbrow
Gee jou hart vir Hillbrow.

**Ds Mariët Robbertze**
**(Kempten)**

## Lief en leed



Prof Bart en mev Jienie Oberholzer

- **Mev Jienie Oberholzer** (94), weduwee van wyle **prof Bart Oberholzer** ('n voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering), is Saterdagnag in Ons Tuis Riviera oorlede. Die begrafnisdiens vind Donderdag, 11 Junie, om 10:00 vanuit Gemeente Pretoria-Oos plaas en word deur ds Hannes van der Merwe gelei. Die Kerk betuig haar simpatie met mev Oberholzer se kinders en familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 Junie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Donderdag 4 Junie: Ds CAA (Tiaan) Loedolff (Wolmaransstad)
  - Vrydag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (emeritus), en ds GF (Frikkie) van Wyk (Montana-Oos)
  - Saterdag 6 Junie: Prof APB (Andries) Breytenbach (emeritus)
  - Sondag 7 Junie: Di LJJ (Leon) Nell (emeritaat), en JA (Johnny) Young (Rustenburg-Tuine)
  - Maandag 8 Junie: Dr RC (Marina) Kok-Pretorius (Potchefstroom/dosent), en ds WJM (Willem) Breytenbach (emeritus/Panorama)
  - Dinsdag 9 Junie: Ds JJ (Kotie) Mc Donald (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Beskik u gemeente dalk oor **nagmaalbekers en -borde** wat nie meer gebruik word nie? **Gemeente Bellville** sal dit graag by u koop. Kontak asseblief vir **ds Leanie Lemmer** by 079 519 9708 of **leanielemmer@gmail.com**.

- **Gemeente Brits** vier op **28 Mei 2027** hul **eeufees**. Vorige lidmate en ampsdraers word versoek om hulle asseblief by **nhkbrits+100jaar@gmail.com** te kontak. Foto's en staaltjies oor die gemeente sal ook waardeer word.

## Vergaderings

- Donderdag 4 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 5 Junie: Kommissie van die AKV

## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur Nicole MacLachlan. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## Kerklike en ander publikasies






## ’n Gedig

**Kinders van die wind**

Ek ken ’n ou, ou liedjie
van lewenswel en -wee;
van lank vergane skepe in
die kelders van die see.

Die woorde is vergete
en tog, die deuntjie draal –
soos vaag onthoude grepies uit
’n baie ou verhaal...

Van swerwers, sonder rigting;
van soekers wat nooit vind...
En eindelik was almal maar
kinders van die wind.

Gesigte, drome, name
is deur die wind verwaai;
en waarheen ál die woorde is,
sou net ’n kind kon raai.

Swerwers sonder rigting;
soekers wat nooit vind...
En eindelik was almal maar
kinders van die wind.

**Koos du Plessis**

https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-kinders-van-die-wind/

## Fondsinsamelings en Kerksake

| | |
|---|---|
| 5 Junie vanaf 17:00 tot 20:00 | **Gemeente Welkom se Wildsfees 2026:** Kom smul saam aan heerlike voorgeregte soos wildspastei of wildsvleissosaties, hoofgeregte van wilds- of skaapvleis met sjokolade-brandrissiesous, kersiesous of rooiwynsous en bykosse. Natuurlik is daar nagereg op die spyskaart in die vorm van Jan Ellis-poeding met vla. **Goeie kos, goeie wyn, goeie vriende – dis 'n fees!** Kostes beloop R200 per persoon en R80 vir kinders onder 12. **Kontak ds Anel Boshoff** by **antjieels8@gmail.com** vir besprekings. |
| 6 Junie van 07:00 tot 14:00 | **Ons Tuis Seniortuis Dienssentrum se Wintermark.** Parkerstraat 105, Riviera. Toegang is gratis! |
| 6 Junie | **Gemeente Waterberg hou basaar**. Kom kuier, koop en ondersteun die gemeente. Daar is lekker dinge vir die hele gesin. Vir meer inligting kontak 014 161 0896 of 082 758 0861. |
| 11 Julie | Kom speel gholf saam met **Gemeente Welkom**. Hul **gholfdag** vind by Brand Mashie Gholfklub plaas. Afslaantye is 08:00 vir 08:30 of 12:00 vir 12:30. Kostes beloop R250 per persoon. **Kontakpersone:** Tristan (063 903 1152), Donna (082 339 0939), ds Anel (082 299 2044) of Karin (072 555 5667). |





- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

## SP Engelbrecht-museum



## Toerusting



**AANLYN DOOPKATEGESE**

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Die Here is voor jou, met sy lig op jou pad.
Met sy hand wil Hy jou veilig lei.
Die Here is langs jou; Hy wil jou beskerm.
Hy wil jou in sy Vaderhand hou.
Die Here is om jou, Hy wil jou graag seën
met al sy goedheid en guns.
Die Here is onder jou as jy mag val,
sy liefde sal jou altyd dra.
Deur sy Heilige Gees is Hy by jou
en sal Hy jou krag wees
en jou hulp tot in ewigheid.
Amen.

**VONKK 316**

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger